**17 November** **Skrifgedeelte: Psalm 90**
**Fokusgedeelte: Psalm 90:12-17**

## God is ons toevlug!

Dikwels beleef ons die lewe soos ’n sandkasteelbouer, asof jou lewe maar is soos iemand wat langs die see op die strand sandkastele bou. Een of ander tyd kom die water en spoel daaroor en van jou werk bly niks oor nie. Dit is die verganklikheid van menswees. ’n Asemteug, 70 of 80 jaar, en die grootste deel daarvan is swaarkry en leed. Dit kom alles vanweë ons sondigheid en ons ongehoorsaamheid, toe ons geestelik doodgegaan het, toe ons nie meer by ons nietigheid kon verbykyk nie.

Moet ons dan nou in wanhoop leef, asof alles verby is, niks meer die moeite werd is nie? Nee, sê Psalm 90, ons moet in hierdie werklikheid juis ons aandag op God rig, ons oë rig op die genade en die liefde van God. Die digter se versugting is (vs 12): “Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.” Wysheid is om voor God reg te lewe, om te doen wat Hy wil. Ek moet vashou aan God wat in hierdie werklikheid, in my nietigheid, kom ingryp het met sy oorvloed van liefde. Dit moet my tot aksie bring om met dankbaarheid in eerbied en afhanklikheid reg voor God te leef, om in ’n verhouding met Hom te leef en om my dae in sy diens te gebruik.

Daarom verval ons nie in wanhoop nie, is ons geloof nie nutteloos nie, maar skuil ons in die arms van ’n liefdevolle Vader. By Hom vind ek ’n toevlug, by Hom is redding, in Hom kry ek nuwe lewe en word soveel jare van lyding skielik soveel jare van blydskap.

*Sing: Psalm 90:2, 9* *Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*